



Beste We Care vriende

Kan jul glo ons is al aan die begin van Desember? Die jaar lê amper op sy rug en daar is nog soveel te doen!

Ons het by die We Care fonds vir Abegail Hughes betrek om ons 'n bietjie met die administrasie te help. Abby is 'n jong meisie met baie omgee en liefde in haar hart vir ander mense. Sy is verantwoordelik om ons te help dat die nuusbrieff betyds gereed is, dit na almal van julle uit te stuur, seker te maak dat jul dit almal ontvang en sy sal ook per sms of whatsapp met julle kommunikeer. Op die oomblik is sy by ons betrokke as 'n vrywilliger. Soos ons administrasie meer word, hoop ons om haar voltyds indiens te kan neem. . Abby is gebore met Spinabefida en sy maak van 'n rolstoel gebruik om rond te beweeg. Sy het beperkte hand-funksie, maar kan lekker op die rekenaar en telefoon werk. Soos ons, hou sy ook van haar koffie en sê nie nee vir 'n soet dingetjie nie! Baie welkom by ons span Abby. Ek hoop dat jy lank en baie gelukkig by die We Care fonds sal werk.

Met jul bydraes kon ons weer 'n paar mense help die afgelope maand. Ek vertel graag van twee ... Die besonderhede is effens aangepas omdat persone se privaatheid te respekteer, maar die stories is waar!

'n 44 jarige vrou is ongeveer drie jaar gelede gediagnoseer met spierdistrofie. Sy is geskei en het 'n seuntjie van 11 jaar oud. Huidig woon hul by haar ouers in die huis. Die spierdistrofie veroorsaak dat sy vinnig verswak en reeds sukkel met basiese selfversorging soos bad en aantrek. Sy kan nie meer bestuur nie. Haar werk is een van die redes wat haar positief hou. Die verswakking van haar spiere veroorsaak dat alle beweging ekstra energie en inspanning neem en dit lei daartoe dat sy gou moeg word. Sy sal waarskynlik nie meer lank kan volhou om voltyds te kan werk nie.

Sy is bekommerd oor haar toekoms en ook haar seun sin. Haar ouers is reeds oud en self nie meer gesond nie. Haar seun se pa is nie betrokke by hom nie en sy lê nagte wakker oor wat van hom gaan word. Sy probeer egter baie hard om haar bekommernisse nie te laat deurskemer na haar ouers of kind nie. Sy het iemand nodig om 'n pad met haar te loop om haar bekommernisse te deel en saam met haar alternatiewe vir haar eie en haar seun se toekoms te ontgin sodat sy gemoedsrus kan vind.

'n Man van 30 jaar oud se vrou is dood in 'n motor ongeluk vier jaar gelede. Hy sorg alleen vir hul twee kinders. Hy sukkel om sy vrou se dood te verwerk. Sy suster is ook onlangs oorlede. Die verlies van sy suster was vir hom baie erg, maar het weereens ook die verlies van sy vrou opnuut oopgekrap.

Hy soek na die sin van die lewe en na maniere waarop hy weer kan uitsien na sy toekoms. Hy wil nie 'n lewe lei waar depressie sy dag tot dag bestaan raak nie!

Ons soek saam na maniere wat vir hom dieper betekenis en sin sowel as nuwe vreugde sal ontsluit.

Wanneer jy jou bydrae maak, maak jy in mense soos hierbo genoem se lewe, 'n daadwerklike verskil! **BAIE, BAIE DANKIE!**

**Omgee groete**  
**Melette Els en die We Care span**

“Laughter is the brush that sweeps away the cobwebs of your heart.” - Mort Walker







*Ons Span*